SA GEMEENTE

SA CONGREGATION




**'Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op Aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het!' Lukas 2:14**

# Tema vir die Maand

## Die Wonder van Kersfees

In die strate en in die winkel vensters is groen bome wat skitter met liggies wat deur rooi en goud versierings weef. Geboue se mure en binnekante is sprankelend warm met 'n atmosfeer wat van kantore strek tot in mense se huise.

In die sitkamer staan 'n pragtige kersboom. Onder die boom lê toegedraaide geskenke. Kersligte, -balle en -klokke is opgehang sodat die boom se takke buig. Warm rooi gekleurde tafeldoeke en splinternuwe servette is vir die maaltye gedek.
Kersfees is 'n tyd van verwondering. Elke versiering en lig, kleur ons tyd en wêreld in, om 'n sprokiesland te vorm waarin ons 'n warmte, opgewondenheid en vrede ervaar. Dit is hierdie vrede wat ons soms moeilik vind om te beskryf.

Gedurende Kersfees word vrede maklik met wêreldse dinge of omstandighede verbind, terwyl vrede gaan oor die herstelling van God en die mens wat ons Here Jesus – die Prins van Vrede! – gebring het. Kersfees is 'n wonderlike tyd van vrede! Moet of mag ons Kersfees vier? Ja, absoluut! Jesus het gekom om vrede te bring! As Prins van Vrede is Hy vir ons gegee en gebore, sodat ons vrede met God kan hê. Onthou en vier altyd dié vredesteken van Kersfees! (Philip Wepener)

Mag jy in hierdie Kerstyd God se vrede ontvang, dit ervaar, en dit leef aan ander.

Seënwense
Andrè Harmzen

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Maandelikse Bybel Bespreking

## Vrede van verwondering

Kersfees is 'n tyd van fees viering. Dae word gevul met sosiale geleenthede saam met familie, vriende en kollegas. Dit is 'n kosbare kritiese tyd waarin verhoudings versterk en vernuwe word. Baie keer kom ons aan die einde van die Kers-seisoen net om te vra: Waar het die tyd heen gevlieg? Dit gebeur maklik om te besig te word, om stil te staan en die Wonder van Kersfees te ken.

Ons moet nooit vergeet van die eintlike Wonder van Kersfees nie. Die vrede-teken van Kersfees is nie te vinde in die roer en besig wees nie. Die Wonder van Kersfees wat elke hart en lewe wil en kan aanraak, is te vind in die belangrikste verhouding in ons lewe. Die verwondering wat ons vind in die stal en krip in Betlehem, vul ons met 'n Vrede, wat ons oë vandag steeds gerig hou op die hemele soekend na die stêr van Betlehem.

Hierdie jaar het ons twee eredienste in Desember. Kom deel in die verwondering van God se vrede vir jou.

Geseënde Advent,

Andrè



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## IN HIERDIE UITGAWE

KERSSANGDIENS
BENIN UITREIK
RESEP VAN DIE MAAND
THE GIFT I NEVER ASKED FOR
'TWAS THE NIGHT BEFORE CHRISTMAS
DESEMBER INSPIRASIE
KONTAK ONS




## KersSANGdiens en Ete – TBVH – CM16 7ER

Ons KersSangdiens gaan weer die jaar baie spesiaal wees!
Kom loof en prys die Heer!
Na die diens gaan ons saam kuier en eet.
Flame BBQ berei vir ons die ete voor.
Op die spyskaart:
Bobotie, rys, pampoenkoekies en slaai
Nagereg: Malvapoeding en vla
Almal bring asb hul eie drinkgoed.
ONTHOU ASB JOU BYDAE VIR DIE FOODBANK
Volwassenes (ouer as 12) £16.00
Kinders 5-11 jaar £8.00
0-4 jaar Gratis
Kontak Ena vir meer inligting - ena@sagemeente.com

# Benin uitreik- dag 1

**Lees saam oor die wedervaringe van die GAiN span wat in Oktober Benin toe was, om 'n verskil te maak in mense se lewens.**
**Frikkie deel hul ervaringe dag vir dag met ons.**

Vrydag – Ons staan vroeg op want Marius het by ons oorgeslaap. Drie uur om presies te wees en half vier is ons by die lughawe waar ons twee van die dames ontmoet wat saam met ons oppad is Benin toe. Die 3de dame (5de spanlid) ontmoet ons op Brussels lughawe.
Na ń lang dag se reis arriveer ons veilig in Cotunou, Benin, waar GAiN Benin span ons ontmoet, en na die GAiN kantore toe neem waar ons vir die week gaan bly.





Span foto!

Aand-ete in die gastehuis



(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • DESEMBER 2023

# Benin uitreik - dag 2

Saterdag – Ons span geniet 'n lekker ontbyt. Ons kom bymekaar vir 'devotions' en 'n span vergadering. +/-12H00 vertrek ons na waar ons eerste taak op ons wag. Die bou van 'n beton basis (slab) waarop die waterpomp geinstalleer moet word. Dis harde werk en dit is warm in die bos. Die humiditeit is baie hoog, maar ons gees is goed en na 5 ure se werk is die beton blad gelê en keer ons terug na ons huis. Reistyd wissel tussen 'n uur en 'n uur en 'n half.

Kerk in die village



Kunswerke teen die hawe muur



Uitsig vanaf die gastehuis.



(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • DESEMBER 2023

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Benin uitreik - dag 3

Sondag- Vanoggend vertrek ons vroeg om 'n kerkdiens in een van die 'villages' by te woon. Oppad soontoe skryf ons 'n band af en word daar besluit dat die span kerk toe sal gaan, terwyl ek, een van die dames, 'n GAiN Benin personeel lid en die bestuurder agter bly. Marius neem die preek waar en leer vir die gemeente, uit die Bybel, wat dit beteken om 'n goeie vriend te wees. Alles gebeur met behulp van 'n tolk. Ons het lekker saam met die mense probeer sing...ons het meestal maar net gedans want hulle sing in hulle taal wat Frans en Fon is.

Ons keer terug basis toe en geniet 'n lekker laat middagete by een van die plaaslike restaurante. Ons spandeer ook tyd langs die see.



Verwelkomings ete saam met die GAiN Benin span

Paaie in Benin



# Benin uitreik - dag 4


Maandag- Vandag woon ons die GAiN Benin se spanvergadering by en Frikkie deel met die span (uit die Woord) wat dit beteken as ons, ons werk vir die Here doen. Ons dans en sing lekker saam met die span en lofprys die Here. Die middag besoek ons van die 'villages' waar daar reeds boorgate is. Ons hoor ook getuienis op getuienis hoe die siektes in die kinders afgeneem het, vandat daar skoon, vars water vir hulle beskikbaar is.

Middag-ete in die bos.






Kerk waar ons span besluit het, om geld te gee om vloer in te sit.



Pad na 'n village

# Benin uitreik - dag 5

Dinsdag – Ons vertrek vroeg oggend aangesien ons weer ‘n ’slab’ gaan lê. Dis warm en die humiditeit is 83%. Ons as span werk nou lekker vinnig, want ons weet meer na die eerste betonblad wat ons gelê het. Ons drink baie water om gehidreerd te bly, maar ons kry baie swaar in die hitte. Ons het baie respek vir die manne en vroue van God wat die werk weekliks doen. Ons geniet elke middag middagete in die bos. Vleis pasteie en ‘n koeldrank. Dis is ’n fees!!!!

Die middag besoek ons een van GAiN se boormasjiene. Net voor ons daar aankom het ‘n part gebreek en die manne was aan die sweis om die boormasjien weer reg te maak. Ons keer terug en almal is pap na ’n baie lang, warm dag. Maar ons gemoed is vol want ons beleef die verskil wat hier gemaak word.



Kerk wat die span help bou het...



Motorfiets rit

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Benin uitreik- dag 6

Woensdag. Vandag gaan ons langste dag op ons uitreik wees, want dit is 'JESUS Film' dag. Ons hou ons besig met span aktiwiteite voordat ons om 12H00 na die village vertrek. Ons is vandag net 4. Marius het Dinsdag bietjie hittesteek opgedoen, en 'n ou bergfiets besering het vererger met die harde 'Hilux veering' op die rowwe pad. Die span kon sy afwesigheid akkomodeer en hy sluit later die aand saam met die kos-aflewering weer by die span aan.

Ons eerste taak is om die boorgat te spoel sodat al die troebel water verwyder word. Dit is lekker om te sien hoe opgewonde die 'villagers' is as die water by die gat uitspuit. Daarna word die pype in die gat laat sak en die pomp word geinstalleer. Die groot oomblik breek aan waar een van die vrouens die kans kry om skoon water te pomp. Almal kry geleentheid om hulle skottels vol skoon water te maak, en na hulle huise toe te dra. Daar word ook met die kinders speletjies gespeel, en na dit tree 'n drama span op wat die evangelie prakties uitbeeld. Daar word ook WASH (Water, Sanitation, Hygiene) opleiding aangebied.

Uiteindelik is dit donker genoeg om die JESUS Film te wys. Almal kyk aandagtig en klap opgewonde hande elke keer as JESUS 'n wonderwerk doen. Emosies loop hoog tydens die kruisigings toneel. Na die film word 'n uitnoding aan mense gerig om 'n besluit te neem om JESUS te volg en 58 neem die besluit. Hulle sal Donderdagoggend deur die JESUS film span besoek word vir 'n opvolg gesprek.

Jesus film



Gebed na 'n gesprek



(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • DESEMBER 2023

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Benin uitreik - dag 7

Donderdag – Dis weer ‘n vroeë begin vir die span. Na Bybelstudie en ontbyt vertrek ons na ‘n ander ’village’ waar ons weer gaan help om ’n betonblad te lê. Dit gaan al makliker, aangesien ons weet wat op ons wag, maar die hitte en humiditeit maak dit steeds moeilik. Ons kry ook ’n lekker Afrika bui reën en vir ’n kort rukkie koel dit af.



Eerste fase van beton blad

Benin voertuie





Doop bad

Middagete onder die bome



SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Benin uitreik - dag 8

Vrydag - Vandag is kerkbou dag. Ons besoek eers een van GAiN se boor masjiene, sodat ons die boor span in aksie kan sien. Hulle boor nou op 51 meter en die grond monsters wys dat hulle naby die water is.

By die perseel waar die kerk gebou word, begin ons om te help om die dakkappe nader te dra, waar die twee skrynwerkers dit dan met spykers vas kap. Die dak kappe wat gebruik word, is dun bome met lang reguit stamme. Ons vorder goed en kort voor lank dra ons die sinkplate nader om vas gekap te word. Die mure van die kerk word vir die gemeente gelos om te bou. Hulle maak hulle eie stene van sand en sement.



Boormasjien



Kerk se dak gaan op.



Kerk bou

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Benin uitreik - dag 9

Saterdag - Vandag is ons toeriste. Ons besoek die kuns mark en die span kry geleentheid om aandenkings te koop. Ons besoek ook die standbeeld van die “warrior woman”. Hierna is ons strand toe waar van ons ‘n bietjie lyf kon natmaak en afkoel.

Monument van vroue vegter.





Mark dag

Waatlemoene en pynappels





Stappie op die strand

# Benin uitreik- dag 10

Sondag – Marius bedien almal uit die Woord by die kerk wat ons help bou het. Na die diens kry ons as span die geleentheid om 'n boom te plant, ter viering van die gemeente se nuwe kerkgebou.

Daarna is ons oppad Cotunou toe, om vir oulaas saam met ons gashere 'n middagete te geniet. Ons pak en word lughawe toe geneem.

Ons kyk terug op 'n baie geseënde en suksesvolle sendingreis.

*Baie dankie vir elke gebed tydens die uitreik. Baie dankie ook vir die finansiële ondersteuning.*

## Laaste aand-ete





LAASTE AAND- SPAN FOTO!

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Resep van die Maand

## Cock and Bull



350g rump or sirloin steak, cut into strips
350g chicken breast, cut into thin strips
Sea salt
Cooking spray/oil (whatever is your preference for frying)
1 onion, sliced
75g mushrooms sliced
½ tsp coarsely ground black pepper
500ml beef stock (1 beef stock cube dissolved in 500ml boiling water)
1 beef stock pot
200g low-fat cream cheese
Handful of fresh parsley, finely chopped

Season the steak and chicken strips with a little salt.
Spray a large frying pan with some cooking spray and place over a medium heat.
Add the meat and quickly seal on all sides, then remove from the pan and set aside.
Spray the frying pan with a little more cooking spray and place it back on the hob, over a medium heat.
Add the onion, mushrooms and black pepper and cook for 5 minutes until they start to brown.
Add the beef stock to the pan and simmer until the liquid has reduced by half, then stir in the stock pot.
Reduce the heat to low and stir in the cream cheese, making sure there are no lumps of cheese.
Return the meat to the pan, stir well, and simmer for 5 – 10 minutes until the chicken is cooked through.
Taste and add a bit more black pepper if you like.
If the sauce seems a little thick, add a little water until it reaches the consistency you prefer.
Top with the chopped parsley and serve with mashes potatoes or rice.
Serves 4

*Baie dankie Joanine Terblanche vir die deel van jou staatmaker resep!*

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# The gift I never asked for.

Last Christmas I opened a heavy box from my husband. Behind the pretty Christmas paper was a beautiful red casserole.

I hadn't asked for it. I wasn't sure what to do with it. And he'd also gotten me a new crock pot that I had asked for.

I decided, even though it was pretty and thoughtful, I was going to return it. I pushed into a corner of my bedroom with intentions of taking it back to the store. It sat there for months. Finally as fall recently approached, I saw the Dutch oven still sitting in it's box in the corner of my room. I wiped the dust from the box and lifted the red casserole from its packaging. I slid it into a kitchen drawer- not sure if or when I'd ever use it.

But tonight, I wanted to try a new recipe for tomato bisque soup. I opened the drawer and pulled the heavy pot out. Now, I'm not much of a cook. I like to bake, but cooking often intimidates me.

I sat a bowl of soup in front of my husband- nervous for his response. To my surprise, it tickled his taste buds. Two bowls later and he was still raving about the soup. As I cleaned up the kitchen and washed up my new red pot, I thought about the gift I'd been given.



It was one I hadn't asked for. It was one I planned on returning. It was one I kept in a corner collecting dust. It was one I was unsure how to use.

*The pot made me think about some of the gifts God's given me. Some of them I've embraced and even asked for while others feel foreign and maybe even unwanted.*

*Perhaps it's time we dust off those gifts, put them in their proper place and put them to good use. Who knows, it might turn out to be the gift you never knew you wanted.*

# *A Christian Version of 'Twas The Night Before Christmas*

'Twas the night before Christmas and all through the church,
The chosen were singing about His Son's birth.
The bibles were open to Matthew that night,
and praises were sung to a heavenly height.
The pastor spoke boldly the Word we all love,
About our sweet Jesus who came from above.
He spoke of salvation to those who were lost,
For whom Christ had died for upon Calvary's cross.
He knew through the year's we'd been bound up by sin,
But we could be free if we'd just let Him in,
So open your hearts all you people who know,
And let Jesus make your soul white as snow.
Heed the Gospels of Matthew, Mark, Luke and John,
About His great work that they've carried on,
The Epistles of Paul will show us the way,
Revelation tells us of the glorious day.
At the sound of the trump and the twinkle of an eye
We'll be caught up with Jesus to a cloud in the sky.
We'll sit down with Jesus to a wonderful feast,
Then come back with Him to bind up the beast.
There'll be no dying, no sickness, no tears,
We'll reign in His glory for one thousand years.
And after these things a new heaven and earth,
And all because of our dear Savior's birth.
So "Follow Me Children" we hear Jesus say,
That He is the Truth, the Life and the Way.

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • DESEMBER 2023

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## KALENDER

3 DESEMBER HUISKERK 9 UUR

10 DESEMBER KERSSANGDIENS 10 UUR

17 DESEMBER HUISKERK 9 UUR

24 DESEMBER EREDIENS 9 UUR

## Desember Inspirasie

Kom ons staan opnuut in verwondering
oor Jesus se koms na die aarde,
sodat ons ontslae kan raak
van die gewoonheid daarvan in ons lewe.
Kom ons maak tyd
en kyk met opgewonde oë
na hierdie reddende daad van God.
Dan sal ons voete weer anders loop
en sal ander agter ons wil aanloop.
Gerjo Ben
(Erkenning Kruispad 247)

## Gebedslys vir Desember

Bid vir:

- Gesinne en families, Vriende en ook ons Bure

## Bid saam:

*Vader,*

*Beskerm my daarvan om nooit U Seun se koms na die aarde as gewoon te sien nie. Help my om altyd opgewonde te wees, geroer te wees, omdat ek besef hoe diep ek in die verknorsing sou wees as dit nie vir Jesus was nie. Ek bid dit in Sy wonderlike Naam. Amen.*

*Gerjo Ben*
*(Erkenning Kruispad 247)*

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kontak Andre Harmzen



Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Loughton

**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 2de en 4de Sondag van die maand om 09:00

**Adres:**
Theydon Bois Village Hall, Coppice Row
Theydon Bois, CM16 7ER

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG002 na 70191**
Vir direkte inbetaling:
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Loughton
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Loughton)**

# Kontak Ena



Ena Wassermann
Epos: ena@sagemeente.com
noordwyk@sagemeente.com

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • DESEMBER 2023